

Na die 1000 jaar, word die Satan losgelaat vir 'n kort tydjie (OP21)

Openbaring 20:7-10 (lees Op 20:1-10)

6 Desember 2020

Vandag is die derde keer wat ons stilstaan by Op 20, en ons kyk vandag na Op 20:7-10. Tot dusver het ons reeds die volgende geleer: Die duiwel is gebind met 'n ketting en toegesluit in die onderaardse diepte vir 'n periode van 1000 jaar. Hierdie binding van die Satan het gebeur met Jesus se eerste koms. Die gevolg is dat die duiwel beperkings het sedertdien: Hy het nie toegang tot die hemel nie. Hy kan nie gelowiges van God afrokel nie. Hy kan nie die verspreiding van die evangelie stop nie. Hy kan ook nie die nasies bymekaar bring in opstand teen God nie. Gedurende hierdie 1000 jaar is die Satan wel aktief – maar net wanneer en waartoe Christus hom toelaat. Gedurende die 1000 jaar sit die siele van die gelowiges op trone in die hemel. Hulle is daar na die eerste dood, hulle fisiese dood, en omdat hulle deel het aan die eerste opstanding – hulle lewe geestelik deur God se redding. Hulle wag nog op die tweede opstanding (d.w.s die fisiese opstanding van hulle liggeme), maar hulle het geen bekommernis dat hulle aan die tweede dood, dit is die vuurpoel-dood deel sal hê nie. Hulle word ook beskryf as geseënd en heilig, hulle is priesters vir God en Christus, en regeer as konings saam met Christus vir die 1000 jaar.

Verse 7-10: Die Satan word oorwin:

Kom ons kyk nou na vers 7-10. Hier lees ons dat aan die einde van die 1000 jaar word die Satan losgelaat. Dan gaan hy om die nasies te verlei, en hulle byeen te bring vir die oorlog. Hulle kom juis bymekaar rondom die laer van die gelowiges, oftewel die geliefde stad. Maar dan kom daar vuur uit die hemel wat hulle verteer, en die Satan word in die poel van vuur en swael gegooi, waar die dier uit die see en die dier uit die aarde ook is. Daar word hulle gepynig vir ewig.

Die beskrywing is relatief duidelik en nie te moeilik om te verstaan nie – of is dit? Kom ons kyk:

Vers 3 het al vir ons gesê dat die Satan losgelaat gaan word aan die einde van die 1000 jaar, en dit word nou bevestig in vers 7. Boonop het vers 3 verduidelik dat die gevolg van sy binding is dat hy nie die nasies kon verlei nie. Nou kom vers 8 en sê dat wanneer hy losgelaat word aan einde van die periode van 1000 jaar, is dit presies wat hy gaan doen. Duidelik is dit wat hy graag ook al gedurende die 1000 jaar sou wou doen, maar kon nie a.g.v. die feit dat hy gebind was.

Die nasies (vers 8)

Ons moet nou besin oor hierdie nasies wat hy verlei. Hulle word vir ons op 'n paar maniere beskryf. Vers 8 beskryf hulle eerstens as die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is – wat doodeenvoudig beteken hulle is versprei oor die aarde – in al vier windrigtings. Hulle is oral op die aarde en kom van orals af bymekaar onder die Satan se leiding – sien vers 9. Dit moet noodwendig tot gevolg hê dat hierdie nasies almal bymekaar 'n groot menigte is, soos wat vers 8 se einde bevestig, hulle is so baie soos die sand van die see.

Vers 8 beskryf hulle egter op nog 'n manier: die Gog en Magog. En dit is nounet hier waar die probleem begin. Wat beteken dit? Eerstens moet ons raaksien dat hierdie beskrywing verwys na Eseg 38 en 39 – lees Eseg 38:1-6. Hier is Gog die leier van 'n aantal nasies in Magog teen wie Esegël moet gaan profeteer – en die inhoud van die profesie is dat God teen Gog gaan draai. Nou, doen jouself 'n guns en gaan soek op YouTube of Google vir Gog en Magog. Daar is 'n hele debat aan die gang. Dit lyk vir my dit is veral onder premillennialiste dat hierdie debat ernstig gevoer word. Daar is deesdae sterk steun dat dit verwys na Rusland. Maar daar is ook argumente dat dit juis nie Rusland

is nie. Dikwels word die hele komplekse situasie in die Midde Ooste hierby ingesleep – Israel, Sirië, Iran en noem maar op. Wel, as dit jou nog nie deurmekaar genoeg maak nie, gaan lees Matthew Henry – hy was oortuig dit verwys na Antiochus Epifanes. Of, gaan lees die New Bible Commentary en hulle is oortuig dis ‘n simbool vir alle bose magte. As jy die Illustrated Bible Dictionary gaan lees, sien jy in die 4de eeu is geglo dit was die Gote, in die 7de eeu was dit die Arabiere, in die 13de eeu die Mongole, in ons tyd die Russe, en dan is daar die wat oortuig is dat ‘n beskrywing is van een van die pouse in die Rooms Katolieke kerk, of dalk die Turke. Hoekom is daar soveel debat hieroor onder premillennialiste? Onthou, hulle verwag ‘n letterlike periode van 1000 jaar hier op aarde, en dit gaan beëindig word wanneer Gog en Magog kom. As ons nou kan uitvind wie Gog en Magog is, dan verstaan ons beter hoe die 1000 jaar gaan eindig.

Ek wil egter bietjie tyd spandeer om na die konteks van Eseg 38 en 39 te kyk. Miskien kan dit ons help om sin te maak van dit alles. Om dit te doen, blaai ons terug na Eseg 36, en ons gaan probeer om die ontwikkeling wat hier plaasvind raak te sien:

- Onthou, Esegïël is ‘n ballingskap profeet. ‘n Groot deel van die volk is reeds in ballingskap, terwyl Jerusalem finaal val tydens die periode van Esegïël se optrede.
- Eseg 36:7-9 Hier beloof God om Israel uit ballingskap terug te bring.
- Eseg 36:16-19 Hier leer ons dat die volk in ballingskap is a.g.v. hulle eie sondigheid.
- Eseg 36:21-23 God is binne dit alles besorgd oor Sy Heilige Naam. Hy onderneem om op te tree. Wat Hy gaan doen, gaan Hy nie soseer vir Sy volk doen nie – Hy gaan optree ter wille van Sy Naam.
- Eseg 36:24-27 Hier beskryf God wat Hy gaan doen: Hy gaan Sy volk onder die nasies uit bymekaarmaak. Hy gaan reinigingswater op hulle sprinkel (regverdigmaking), Hy gaan hulle ‘n nuwe hart en gees gee (wedergeboorte), Hy gaan Sy Gees vir hulle gee sodat hulle volgens Sy voorskrifte sal leef (heiligmaking). Hierdie werk van God is natuurlik die inwerkingstelling van die Nuwe Verbond. Ons weet natuurlik dat dit realiseer met Jesus se eerste koms wanneer Hy geregtigheid bewerk, en met Sy hemelvaart stuur Hy die Heilige Gees wat wedergeboorte en geloof werk in gelowiges, en hulle lei op die pad van heiligmaking.
- Eseg 36:38 Hier gee God die doel waarom Hy dit alles doen: Dan sal Israel besef dat Ek die Here is.
- Eseg 37:1-14 Hier sien Esegïël daardie bekende gesig van ‘n vallei gevul met doodsbeendere. Hy word die opdrag gegee om te profeteer, dan sal God lewe in die bene bring. As hy dan profeteer, kom daar lewe in die bene. Is dit nie presies in lyn met wat in die Nuwe Verbond die opdrag aan die kerk is nie? Is dit nie wat juis in die periode tussen Christus se eerste en tweede koms moet plaasvind nie. Let op die doel hiervan in vers 14: Dan sal julle besef dat Ek die Here is.
- Eseg 37:24-28 Let op die doel in vers 28: God se heiligdom sal vir altyd tussen die volk wees – wat sekerlik moet verwys na die ewigheid wanneer God by hulle sal woon soos ons later in Openbaring sal lees. Maar nou lees ons ook dat die ander nasies sal besef dat God die Here is! Hoe gaan dit gebeur?
- Eseg 38:1-9 Hier lees ons dat Gog en Magog en die ander nasies saam met hulle iewers in die verre toekoms die opdrag sal kry om oorlog te gaan maak teen God se volk – wat in hulle land bymekaar gekom het. Maar let ook op, God beloof ook om hake in hulle kakebene te sit.
- Eseg 38:10-11, 16 Die resultaat is dat Gog en die nasies by hom ‘n bese plan beraam om teen God se volk op te trek. Let ook op, volgens vers 16 is dit God wat dit bewerk, iewers in die verre toekoms, met die doel dat die nasies God sal erken.
- Eseg 38:18-23 Wanneer die dag vir hierdie stryd wel aanbreek, is dit egter God wat in toorn teen Gog en die nasies by hom losbreek. Let op wat gaan dan gebeur: daar gaan ‘n aardbewing wees

– maar dis dan wat ons herhaalde male gesien het as deel van die beskrywing van die finale oordeel in Openbaring; berge sal omgekeer word en die kranse sal inmekaar stort – maar dis dan wat ons gelees het met die oopmaak van die sesde seël: Die hemel self het verdwyn soos ‘n boekrol wat opgerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke geskud (Op 6:14), die sewende bak bevestig dit (Op 16:20); Gog se manskappe sal mekaar met die swaard aanval – maar dis dan wat ons gelees het wat gebeur met die val van Babilon: Die tien horings wat jy gesien het, en die dier, hulle sal die sedelose vrou haat en haar kaal en verlate maak (Op 17:16); Gog en sy manskappe sal getref word met hael – maar dis dan deel van die beskrywing van die finale oordeel wat ons al herhaalde male in Openbaring gevind het; Gog en al sy manskappe gaan ook getref word met vuur en swael – maar dis dan wat ons in Op 14:10 gelees het die lot gaan wees van die mense wat die merk van die dier dra, dit is ook waar die dier uit die see en die vals profeet geëindig het toe die Ruiters op die wit perd geoordeel het (Op 19:20), en dit is ook waar die duiwel eindig hier in Op 20:9-10. Eseg 38:23 onderstreep weereens die doel: die nasies sal God leer ken as die heilige God, dat Hy die Here is.

- Eseg 39:1 Uitspraak teen Gog gaan steeds voort
- Eseg 39:17-22 Hier lees ons dat hierdie nasies ‘n feesmaal word vir die roofvoëls – maar dit is dan ook presies wat ons in Op 19:17-21 gelees het wat gaan gebeur met die koms van die oordeel deur die Ruiters op die wit perd.

Kan ek opsom: In hierdie hoofstukke in Esegïël lees ons dat God vir Sy volk in ballingskap sê dat Hy hulle gaan red. Hy gaan dit doen deur die Nuwe Verbond. Hy gaan hulle skoon was (deur Jesus se werk), hulle wederbaar en heilig (deur die Heilige Gees) – ons weet dit realiseer met Jesus se eerste koms. Daarna verwag Hy dat hulle moet gaan profeteer in die vallei met doodsbeëndere – soos wat Jesus met Sy hemelvaart aan Sy dissipels opdra om te gaan doen in ‘n goddelose wêreld, soos wat ons in Openbaring lees die twee getuies doen. Dan, iewers in die verre toekoms, roep God Gog en Magog en ander nasies op om teen Sy volk oorlog te maak – maar dan draai God teen Gog en die nasies by hulle – dit verwys natuurlik na die finale oordeel. En die lot wat hulle tref bevat elemente van verskeie beskrywings wat ons in Openbaring vind as deel van die finale oordeel beskrywings.

Hoekom spandeer ek soveel tyd hier aan? Want daar is verskeie implikasies:

- Dit bied verdere bevestiging dat die interpretasie van Openbaring as sewe parallele beskrywings van die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms, en telkens ‘n beskrywing van die finale oordeel aan die einde van so ‘n beskrywing, as korrek, siende dat in Esegïel 36-39 dieselfde loop van gebeure beskryf word, en die finale oordeel wat Gog en die nasies tref bevat elemente van die verskillende oordeel beskrywings in Openbaring. Ons moet dus sê al die oordeelsbeskrywings in Openbaring is beskrywings van een en dieselfde finale oordeel aan die einde van die tyd.
- Ek twyfel ernstig of dit die moeite werd is om presies uit te probeer werk wie Gog en Magog is vandag. Enersyds bewys die geskiedenis dat die mensdom dit doodeenvoudig net nie uitgewerk kry nie. En tweedens lyk dit ons moet eerder onder Gog en Magog al die heidense nasies sien. Deur die loop van die eeue kan jy baie verwag wat sal lyk soos Gog en Magog, maar aan die einde van die tyd kom al die nasies bymekaar – daarvoor is Openbaring duidelik.
- In besonder skep dit ‘n probleem vir die Premillennialiste. Onthou, volgens hulle kom Jesus as die Ruiters op die wit perd voor die millennium. Dit beteken dat Op 19:11-21 gebeur 1000 voor Gog en Magog se optrede hier in Op 20. Maar Esegïël beskryf daardie roofvoël-feesmaal as deel van die lot wat Gog en Magog tref – dit is nie twee gebeurtenisse nie. Trouens, as jy beweer ons het hier ‘n chronologiese beskrywing van gebeure, het jy ‘n probleem: in Esegïël is die grootste deel van die beskrywing van Gog en Magog voor die roofvoël-feesmaal – wat andersom as die volgorde in Openbaring is.

- Let ook op wat Esegïël herhaalde male onderstreep: God se doel is dat Sy volk, sowel as die nasies, moet erken dat Hy die Here is. Eventueel, sal almal moet erken Hy is die Heilige God. En dit is God se verborge bedoeling met alles.

Die oorlog (vers 8)

In vers 8 lees ons dat die nasies onder leiding van die Satan bymekaar gebring word vir die oorlog. Ons het nou alreeds gesien dat hierdie oorlog ook in Esegïël beskryf word. Daar is dit 'n oorlog tussen die nasies en God se volk. Dit is ook nou die vierde keer dat ons in Openbaring van die oorlog lees:

- Op 11:7 – Hier is dit wanneer die dier uit die onderaardse diepte teen die twee getuies oorlog maak wanneer hulle hulle getuies klaar gelewer het. Die twee getuies is die kerk, en dit is aan die einde van die tyd dat hulle getuies klaar gelewer is – en dus die oorlog plaasvind.
- Op 16:14 – Hier is dit met die sesde bak dat die konings van die aarde onder leiding van die bese geeste uit die bekke van die draak en die diere uit die see en die aarde bymekaar kom op die groot dag van God, die Allerhoogste, by Armageddon.
- Op 19:19 – Hier is dit wanneer die Ruiters op die wit perd kom om te oordeel, dat die dier uit die see, die konings van die aarde en hulle leërs bymekaar kom om oorlog te voer teen die Ruiters op die wit perd.
- Op 20:18 – hier kom die nasies, Gog en Magog, onder leiding van die Satan bymekaar om oorlog te voer juis teen die laer van die gelowiges en die geliefde stad. Die laer van die gelowiges herinner aan die kampe wat die volk opgeslaan het destyds tydens hulle tog deur die woestyn op pad na die beloofde land (Onthou, Op 12 beskryf die vrou as in die woestyn), en die geliefde stad verwys na die Nuwe Jerusalem – wie se naam op hulle voorkop staan (Op 3:12), en waarvan ons meer gaan lees in Op 21.

Maar let ook op wat is die uitslag van hierdie oorloë in Openbaring:

- Op 11:13 – Daar was 'n groot aardbewing, 'n tiende van die stad het inmekaar gestort, sewe duisend mense is dood, en die res het bevrees geword, en aan God die eer gegee.
- Op 16:18-20 – weerligstrale, dreunings, donderslae, grootste aardbewing ooit en massiewe hael stene. Boonop het die eilande verdwyn en die berge was ook nie meer daar nie
- Op 19:20-21 – die dier uit die see en die aarde eindig in die vuurpoel wat met swael brand, en die mense word doodgemaak met die swaard uit die Ruiters op die wit perd se mond.
- Op 20:9-10 – daar het die vuur uit die hemel gekom wat die nasies verteer het, en die Satan is in die vuurpoel gegooi.

Elke beskrywing van die oorlog bevat elemente van wat Esegïël beskryf as een oorlog.

Let hier weer daarop, dat volgens die amillennialistiese interpretasie eindig die draak, en die diere uit die see en die aarde almal gelyktydig in die vuurpoel – met Jesus se wederkoms. Volgens die premillennialistiese interpretasie beteken dit die diere eindig daar 1000 jaar voor die Satan. Jesus het egter in Mat 25:41 gesê dat die mense wat nie sy wil gedoen het nie, moet weggaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is. 'n Mens kry nie hier daar indruk dat daar 1000 verskil is tussen die tye wat die verskillende partye in die vuurpoel eindig nie.

Toepassings

Kan ek kortliks twee toepassings maak:

- Daar word geweldig baie energie spandeer in verskeie kringe om presies te probeer uitwerk wie is Gog en Magog. Daar word baie tyd spandeer om te verseker dat die Jode fisies terugkeer na Israel – want dit is in Jerusalem waar Jesus fisies vir die 1000 jaar gaan regeer volgens die premillennialiste. Daar word baie tyd aan spandeer om te bewys dat die Ruiters op die wit perd en die wit troon oordeel twee verskillende gebeurtenisse is wat 1000 uitmekaar plaasvind. Ek is glad nie oortuig dit is die moeite werd nie. Soos ek netnou gesê het, die geskiedenis het bewys dat die mensdom dit tot dusver verkeerd gehad het. Omdat ek nie aan al hierdie spekulasies wil deelneem nie, is ek al daarvan beskuldig dat dit kwansuis sou beteken dat ek nie 'n wederkomsverwachting het nie. Wel, ek hoop dat dit uit die preke in Openbaring duidelik is dat ek wel 'n wederkomsverwachting het. Maar die groot saak vir my is dit: Ek sien nie dat God van ons verwag om vooraf die tye te probeer uitwerk oor wanneer die wederkoms gaan plaasvind nie. Ek sien dat God se verwagting van gelowiges die fokus op 'n ander plek plaas: eet die boekie, die soet en die bitter, en gaan en getuig, gaan waarsku die wêreld! God wil hê dit is waar ons die fokus moet plaas – reg tot aan die einde wanneer die duiwel vir 'n kort rukkie losgelaat word, dit is wanneer die getuie werk afgehandel is.
- Onthou: God het dit in Esegïel al duidelik gemaak – Al die dinge wat Hy doen is nie soseer vir ons voordeel nie, maar veral dat die gelowiges sal weet dat Hy die Here is, en aan Hom die eer sal bring wat Hom toekom, en ook, dat die ongelowiges aan die einde ook sal moet erken dat Hy die Here is – al is dit dan te laat. Maar mag ons ons voortdurend daarop toespits om Hom al hoe beter te leer ken, sodat ons met volle oorgawe aan Hom Sy eer sal bring.